Die Erfenisstigting

Jaarverslag: Julie 2018 tot Junie 2019

Algemeen

Die ES was instrumenteel in die suksesvolle verskuiwing en vervoer van die belangrike P.G. du Plessis-versameling van Potchefstroom na NALN in Bloemfontein.

Kongresse en referate

Die ES het ‘n geslaagde kongres aangebied, nl. “Die Gelofte van 1838 – steeds relevant?” wat op 14 September 2018 in De Kroon plaasgevind het. Ses sprekers het interessante en insiggewende lesings gelewer en die kongres is deur ongeveer 50 mense bygewoon.

Die ES het in samewerking met die Afrikaanse Taalraad ‘n *Herkomsseminaar* op 21 Oktober 2018 in Pretoria aangebied, wat goed bygewoon is.

Nog ‘n baie geslaagde funksie was die ES se *Vrouedagfunksie* op 4 Augustus 2018 met spreker Elsabé Brits (Media24). Die titel van haar aanbieding was *Emily Hobhouse gedurende die Anglo-Boereoorlog: ‘n Ontdekkingsreis*. Die geleentheid is in Die Afrikaanse Winkel aangebied en ongeveer 65 mense het dit bygewoon.

23 Mei 2019: Die Moerdyk-gedenklesing is vanjaar deur Estelle Pretorius aangebied, getitel *Die Voortrekkermonument – mirakels en spektakels soos gedokumenteer in die VTM-argief*.

Navorsingstrust

- Die Trustees het op 5 Junie 2018 vergader en beurse aan verdienstelike kandidate toegeken. Van die sewe aansoeke wat ontvang is, is vier goedgekeur en een voorwaardelik goedgekeur.
- Die Trustees het op 11 Junie 2019 vergader – van die 5 aansoeke is 4 goedgekeur.

Boekbekendstellings

- Saterdag 10 November 2018: Louis Scott: *Hel toe en terug* (ongeveer 80 gaste)
- Donderdag 6 Desember 2018: Elsa Dixon: *Piet wat Pompies was* (ongeveer 60 gaste)
- Donderdag 20 Junie 2019: Theunis van Staden: *In Modder en Sweet* (ongeveer 40 gaste)

Navorsing en Inligtingsdiens

Publikasies

Elf artikels en twee monogramme is deur die ES geproduseer:

Outeur/s	Titel	Bron	Afdeling
Antonites, A. 2018	Die Kaalvoetvrou.	*Konteks* 29(9) 30-31	Navorsing &

			Inligtingsdiens
Antonites, A. 2018	A revised chronology of the Zhizo and Leokwe horizons at Schroda.	*South African Humanities*	Navorsing & Inligtingsdiens
Antonites, A., Nel, J. 2018.	Voortrekkermonument 1938-2018	ES-gepubliseerde boek	Bewusmaking & Bewaringsdiens / Navorsing & Inligtingsdiens
Antonites, A.R. & Nel, J. In press.	The Voortrekker Monument as memory institution: mediating collective memory, tourism and educational programming for a local and global audience.	Ngulube, P. (Ed.), *Handbook of Research on Advocacy, Promotion, and Public Programming for Memory Institutions*. Pretoria: UNISA Press.	Bewusmaking & Bewaringsdiens / Navorsing & Inligtingsdiens
Bradfield, J.S., Forsmann, T., Spindler, L. & **Antonites, A.R.** 2018.	Identifying the animal species used to manufacture bone arrowheads in South Africa	*Anthropological and Archaeological Sciences*	Navorsing & Inligtingsdiens
Judson, E. 2018.	'n Merkwaardige uitstalling	*Konteks* 29(5) 36-38	
Mulder, R. 2018.	Deur dik en Dun: lekker kos en stories uit ou Pretoria	ES-gepubliseerde boek	Bewusmaking & Bewaringsdiens
Mulder, R. In druk.	Ouma en Oubaas: 'n intieme kykie op die lewe van mev. Isie Smuts	*Africana Jaarboek*	Bewusmaking & Bewaringsdiens
Pretorius, E. 2018.	Italianers en die Voortrekkermonument.	*Konteks* 29(9) 30-31	Navorsing & Inligtingsdiens
Pretorius, E. 2018.	Kultuurskatte in klipstapels	*Konteks* 29(6) 32-33	Navorsing & Inligtingsdiens
Pretorius, E. 2018.	Die Voortrekkermonument en die Erfenisstigting vier ons erfenis	*Plus50 Tydskrif* Augustus/September uitgawe	Navorsing & Inligtingsdiens

Befondsing vir ES-publikasies

Tans word gewerk aan twee spesiale ES-publikasies wat in 2019 en 2020 gepubliseer sal word met die oog op die 70ste herdenking van die inwyding van die Voortrekkermonument:

- Redigering van boek deur prof V. D'Assonville oor Bloukrans. Die Navorsingstrust het R20,000 bewillig vir die redigering en druk daarvan.
- Redigering en bywerking van prof OJO Ferreira se boek, *'n Volk se hulde*, oor die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee. Die ES se aansoek vir

befondsing by die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns was geslaagd – R50,000 is in Januarie 2019 toegestaan.

Argief

- Die VTM-versameling word ontsluit en baie goeie vordering is gemaak
- Groot agterstande om ander argiefgroepe te ontsluit is reeds ingehaal
- Verskeie groot skenkings word deur die jaar ontvang soos o.a. die Prof. OJO Ferreira-, Prof. Nic Wiehann- en Prof JS Bergh se volledige navorsing argiefversameling oor “Paul Kruger’
- ‘n Lys van Argivalia is opgestel en aan navorsers beskikbaargestel.
- Die argief word deur verskeie navorsers met diepgaande navorsingsonderwerpe gebruik.
- Die Argiefbeleid is opgedateer.

Biblioteek

- Die biblioteek se versameling brei geleidelik uit deur middel van skenkings en aankope en bestaan uit boeke, tydskrifte, pamflette en digitale bronne. Hoewel daar min bronne aangekoop is, kan die volgende tog genoem word: Daar is nog ‘n CD met transkripsies van argiefstukke uit die VOC-tydperk, 17de en 18de eeu, in die versameling opgeneem. Verder is die boek deur die Cambridge University Press, waarin daar ‘n hoofstuk oor die Voortrekkermonument verskyn, aangekoop: (*South Africa, Greece, Rome : classical confrontations*). Twee publikasies wat deur ES-personeel geskryf is, is ook bygevoeg.
- Skenkings: 1015 boeke, tydskrifte en pamflette is ontvang van 57 skenkers.
- Aankope: 15 boeke en 1 CD.
- Die vordering om al die bronne volgens internasionale biblioteekstandaarde op databasis te ontsluit, is baie goed. In hierdie verslagjaar 2018/2019, is 1010 items ontsluit.
- Die projek om die ES se boeke op die sg. WorldCat te plaas, vorder goed. Die projek behels dat die ES se boeke gekoppel word aan relevante rekords in die internasionale katalogus. Blootstelling word so aan die ES se versameling gegee deurdat navorsers op die internet kan sien wanneer ‘n spesifieke boek by die ES beskikbaar is. 1260 besitmeldings is al ingevoer sedert Februarie 2018.
- Hoewel die aantal besoekers aan die biblioteek nie groot groei toon nie, is daar groot tevredenheid onder die familienavorsers. Dit kan onder andere toegeskryf word aan die ooreenkoms en goeie verhouding wat die Erfenisstigting met die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (N-Tvl Tak) het. Die GGSA se vrywilligers wat daagliks in die biblioteek aan diens is, verleen uitstekende hulp aan familienavorsers. 536 besoekers is in 2018/2019 ontvang.
- Navrae word per telefoon of e-pos en ook persoonlik ontvang. 95 navrae is beantwoord. E-pos navrae het R624.10 inkomste gelewer.
- Die biblioteek samel fondse in deur tweedehandse boekverkope en het die afgelope jaar R15 192 so ingesamel.

Bewusmaking en Bewaringsdiens

- EBB-netwerk uitgebou tot amper 30 komitees
- Naspers toon ook groot belangstelling in EBB na ‘n voorlegging aan Naspers, Het Jan Maraisfonds en Dagbreek Trust
- Twee EBB-voorsittersforums suksesvol gehou
- Ses-maande kontrakaanstelling van Me. Monique Lubbe d.m.v. Rupertfondse groot aanwins – Logosflowstelsel ten volle opgedateer
- Gesprek met SAHRA m.b.t. tot Voortrekkermonument en Walaermuur baie goed afgeloop – voorstel dat VTM en ES in ‘n erfenisooreenkoms met SAHRA tree asook om verklaring te wysig om hele terrein, ingesluit Fort Schanskop, deel van die Graad I Nasionale Erfenisverklaring te maak

Algemeen en logistiek

- ES kragopwekker probleem uiteindelik opgelos
- Branddigting van alle ES-stooruimtes – argief, biblioteek, versameling en NHK Argief voltooi
- ES daklekkasie uiteindelik opgelos, befonds deur Rupertstigting
- ImpactNOW is vanaf 1 Mei aangestel om die ES se eie debietorderstelsel te bestuur. Hoewel daar nog groepyne ervaar word, blyk dit redelik suksesvol te wees.

Johan Nel

Hoof: Erfenishulpbronbestuur

12 Julie 2019